Publication: Burger (Oos Kaap)
Date: Tuesday, February 09, 2021
Page: 2

OB: Gigaba het etiekkode oortree

Llewellyn Prince

Die voormalige minister Malusi Gigaba het die etiekkode vir ministers oortree toe hy destyds nie die omstrede Gupta-familie se name aan die parlement voorgelê het toe hy hul vervroegde naturalisasie om Suid-Afrikaanse burgers te word goedgekeur het nie.

Hy het egter nie sy mag as destydse minister van binnelandse sake daarvoor misbruik nie, het adv. Busisiwe Mkhwebane, die openbare beskermer (OB), bevind.

Haar ondersoekverslag daaroor is gister uitgereik nadat klagtes daaroor in 2018 teen Gigaba by die OB ingedien is.

Adv. Koleka Gcaleka, adjunk-OB wat nou as OB waarneem, het dié verslag, sowel as ander, namens Mkhwebane uitgereik.

Mkhwebane is tot 31 Maart op sabbatsverlof.

Die OB het bevind dat Gigaba ook nie die waarheid gepraat het toe hy op 'n nuuskonferensie op 6 Maart 2018 aan die media gesê het dat Atul Gupta nie 'n Suid-Afrikaanse burger was nie.

Gigaba stap egter skotvry uit dié sage omdat die OB bevind het dat hoewel sy negatiewe bevindings teen hom daaroor gemaak het, sal enige regstellende stappe "geen oordeelkundige doel" dien nie omdat hy in November 2018 as minister en as ANC-LP bedank het.

Sy beveel egter aan dat gepaste stappe teen amptenare van die departement gedoen word wat nie hul werk behoorlik gedoen het tydens die Gupta-naturalisasieproses nie.

Volgens die OB word die naturalisasieproses in Suid-Afrika ook nie behoorlik gereguleer nie en moet dit gewysig word.

Gigaba het in 2018 bedank nadat die konstitusionele hof sy aansoek om verlof tot appèl teen 'n beslissing van die hooggeregshof dat hy onder eed in die Fireblade Aviation-hofgeding van die Oppenheimer-familie gelieg het met koste van die hand gewys het.

Mkhwebane self het voor die hofuitspraak bevind dat Gigaba in hierdie kwessie die Grondwet en die etiese kode vir kabinetslede oortree het.

Intussen het *City Press* en *Rapport* Sondag berig hulle het betroubaar verneem dat Gigaba se vervreemde vrou, Norma Mngoma, deur die Zondo-kommissie genader is en glo ingestem het om te kom getuig oor Gigaba se verhouding met die Guptas.

Mngoma het in Januarie in 'n onderhoud met eNCA onder meer aangevoer dat Gigaba in sy tyd as minister van binnelandse sake gereeld by hul woning opgedaag het met sakke vol geld wat hy glo by die Guptas gekry het. Gigaba het dit glo gebruik om sy luukse leefstyl te finansier en het volgens Mngoma ook gereeld die Guptas in hul huis in Johannesburg besoek.

Bevinding

Kommissie huur gebou nié onwettig

Die departement van openbare werke en infrastruktuur het geen wette oortree toe hy destyds die Tiso Blackstar-gebou in Johannesburg vir sittings van die Zondo-kommissie gehuur het nie.

Die OB het so bevind nadat sy 'n klag oor die onreëlmatige toekenning van 'n huurooreenkoms deur die departement aan Tiso Blackstar ondersoek het. Haar bevindings hieroor is ook gister bekend gemaak.

"Die OB het bevind dat hoewel die departement nie die mededingende bodproses gevolg het toe hy akkommodasie vir die kommissie verkry het nie, het hy 'n onderhandelde verkrygingsproses gevolg."

Die proses was in pas met die relevante tesourie-regulasies.

Die kommissie gebruik die Ou Raadsaal van die Johannesburg-metro in Braamfontein vir sy sittings.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.